GRONDWET VAN DIE

PAROW STOEIKLUB

Grondwet van die PAROW AMATEUR STOEIKLUB.

1. **NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID:**

1) Die naam van die klub sal wees "PAROW STOEIKLUB" hierna genoem "DIE KLUB".

2) Die afkorting sal wees P.S.K.

2. **DOELSTELLINGS:**

Die doelstellings en strewe van die klub is om:-

1) Amateur stoei onder alle bevolkingsgroepe te bevorder, propageer, beheer en te bestuur volgens die reels en voorskrifte wat van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Stoei Federasie voorgelê word.

2) Beheer uit te oefen oor alle stoei aangeleenthede binne die klub.

3) Onreëlmatighede wat gedurende stoei-byeenkomste, of in die administrasie van stoei binne die stoei voorkom, te ondersoek.

4) Byeenkomste aan te bied en binne die klub te koördineer.

5) Stoeiers, Afrigters, Beamptes en ander ampsdraers te verkies om die klub tydens byeenkomste te verteenwoordig.

6) Voorsiening te maak en amptelike rekord van stoei-prestasies in stand te hou.

7) 'n Lys van geregistreerde Stoeiers, Afrigters en Beamptes by te hou en aan te vul wanneer nodig.

8) Voorsiening te maak en te sorg dat Stoeiers, Afrigters en Beamptes binne die klub opgelei word in die kennis, en vertolking van die reels van amateurstoei, soos voorgeskryf deur die S.A.S.F.

9) Saam te werk met die S.A.S.F. en W.P.S.V. asook enige ander geaffilieerde Provinsiale Vereniging, of enige ander liggaam, ter bevordering van enige doel of strewe van hierdie klub.

3. **AFFILIASIE:**

Die komitee affilieer by die W.P.S.V. as klub, en handel ooreenkomstig die reëls en voorskrifte van die S.A.S.F.

4. **LIDMAATSKAP:**

Die lidmaatskap van hierdie klub is beperk tot lede wat in die landdrosdistrikte van die W.P.S.V. woon.

5. **STRUKTUUR, ORGANISASIE EN BESTURE:**

Die administrasie van die klub berus by ‘n Uitvoerende Bestuur wat soos volg saamgestel is:

1) ‘n BESKERMHEER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
2) ‘n PRESIDENT wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
3) ‘n VOORSITTER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
4) ‘n VISI-VOORSITTER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
5) ‘n SEKRETARIS wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
6) ‘n TESOURIER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
7) ‘n HOOFAFRIGTER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
8) ‘n SPYSENIER wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.
9) Twee addisionele lede wie tydens die algemene jaarvergadering verkies word.

6. **BESTUURSVERGADERINGS EN KWORUMS:**

1) Die Bestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar moet minstens eenkeer elke twee maande, op ‘n datum wat deur die Voorsitter of in sy afwesigheid deur die Bestuur, bepaal word, vergader.
2) Tydens Bestuurs vergaderings sal die Voorsitter, of in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter, of in hul afwesigheid ‘n persoon wat uit die teenwoordiges gekies is, voorsit.
3) Alle lede van die Bestuur het stemreg by alle Bestuurs vergaderings van die klub waarin hulle dien.
4) By alle vergaderings van die Bestuur geskied stemming deur opsteek van die hande, tensy stemming per brief verkies word. In geval van staking van stemme het die Voorsitter, behalwe sy gewone stem, ook ‘n beslissende stem.
5) Om ‘n kworum te vorm moet ten minste 5/vyf van die lede van die Bestuur teenwoordig wees.

7. **KENNISGEWING VAN VERGADERINGS:**

Kennisgewing van die Jaar-, en Bestuurs vergaderings, moet tydig skriftelik deur die Sekretaris, maar minstens 14/veertien dae voor die datum van vergadering, tesame met die sakelys en notule aan alle lede versend word.

8. **ALGEMENE JAARVERGADERINGS:**

Die Algemene Jaarvergadering van die klub sal jaarliks plaasvind nie later as die 15de NOVEMBER van elke jaar nie.

9. **DAGBESTUURSVERGADERINGS:**

1) Die Dagbestuur kom te enige tyd bymekaar om oor enige spoedeisende saak te besluit.
2) Enige sodanige besluit of optrede moet op die eersvolgende vergadering van die Bestuur voorgelê word vir bekragtiging.
3) Die Dagbestuur bestaan uit:-
   a) Die Voorsitter
   b) Die Vise-Voorsitter
   c) Die Sekretaris
   d) Die Tesourier
   e) Die Hoof-afrigter

10. **DIE MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUUR:**

Die Bestuur het die mag om enigiets te doen wat nodig is om die doel en strewe van die klub te verwesenlik. Bowendien beskik die Bestuur oor die volgende magte:-

1) Om die vakature(s) wat van tyd tot tyd mag ontstaan, aan te vul.
2) Om reels en regulasies in verband met sake binne die bestek van die klub op te stel.
3) Om namens die klub geregtelike stappe te doen en te verdedig.
4) Om sub-komitees aan te stel om spesiale opdragte uit te voer en om verslae van sodanige komitees te ontvang en te oorweeg.
5) Om appèlle teen beslissing van liggame en ampsdraers te oorweeg.
6) Om wanneer nodig, beheer uit te oefen oor enige ampsdraer.
7) Om enige lid van die klub, hetsy Stoeier of Beampte of enige ander persoon, wat enige van hierdie regulasies oortree, of wat volgens die Bestuur skuldig is aan wangedrag, wat indruis teen die gees van amateurstoei, tydelik of permanent te skors of andersins mee te handel. Tugmaatreëls deur die klub toegepas is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Bestuur van die W.P.S.V.
8) Om te reel vir die keuring van Stoeispanne, Afrigters, Beamptes en Spanbestuurders wat die klub op byeenkomste, in die Republiek van Suid Afrika, en/of elders, kan verteenwoordig.
9) Om te besluit oor aanbevelings in verband met die dra van die amptelike geregistreerde kenteken van die klub.
10) Om enigiets wat vêrder in belang van die klub blyk te wees, te doen, sowel as om die doeleindes en die reëls van die klub, die W.P.S.V. en die S.A.S.F. uit te voer.
11) Om fondse en borge vir die klub te bekom.
12) Om voorsiening te maak vir die opleiding, keuring en aanstelling van die amptelike ampsdraers en registrasie van Stoeiers, Afrigters en Beamptes.

13) Om ere-klere van die klub aan te bevel vir goedkeuring soos bepaal deur Art.18 en/of 19 en/of 20.

11. **PLIGTE EN FUNKSIES VAN BESTUURSLEDE:**

1) VOORSITTER

Die Voorsitter, wat by alle bestuursvergaderings en tug vergaderings as voorsitter optree, het absolute volmag in verband met alle orde-sake en het ‘n gewone sowel as ‘n beslissende stem.

2) VISI-VOORSITTER

Die Vise-Voorsitter moet in die afwesigheid van die Voorsitter al die pligte van die Voorsitter nakom. Hy moet ook sodanige ander pligte, soos deur die Voorsitter aan hom opgedra, uitvoer.

3) SEKRETARIS

Die sekretaris behartig alle korrespondensie, woon alle vergaderings by en is aanspreeklik om van alle vergaderings behoorlik getikte notules te hou, wat in ‘n register of boek ingebind moet word. Verrigtinge van bestuursvergaderings word deur hom genotuleer en bewaar nadat dit bekragtig is.

4) TESOURIER

Die tesourier moet alle gelde wat aan die klub verskuldig is, geskenk word of toekom, ontvang en in die klub se bankrekening deponeer. Onmiddellik by ontvangs van enige gelde moet hy onmiddellik ‘n kwitansie daarvoor uitreik en ‘n deurslag-afskrif van elke kwitansie hou. Hy moet van alle inkomste en/of uitgawes behoorlik boekhou en by elke vergadering van die klub ‘n finansiële staat voorlê en by die algemene jaarvergadering van die klub ‘n finansiële staat, en inventaris, vir die jaar inhandig. ‘n Afskrif van die staat moet aan die W.P.S.V. voorsien word. Hy moet ‘n inventaris hou van alle eiendomme en bates van die klub en dit veilig bewaar of laat bewaar.

5) HOOF-AFRIGTER

Die hoof-afrigter sal alle afrigting van die stoeiers van die klub behartig. Hy sal, met die goedkeuring van die bestuur, sy eie hulp-afrigters benoem. Die hoof-afrigter sal ‘n span voorlê wat die klub op toernooie en/of kursusse en/of proewe sal verteenwoordig. Hy sal sy eie register hou waar die stoeiers se prestasies aangeteken word.

6) Alle ander lede van die uitvoerende bestuur moet sodanige pligte uitvoer soos wat van tyd tot tyd deur die voorsitter aan hulle opgedra word.

12. **BOEKJAAR:**

Elke boekjaar van die klub verstryk op 30 September van elke jaar.

13. **GRONDWET:**

1) Die klub, die lede daarvan en alle deelnemers is ten alle tye onderworpe aan hierdie grondwet en die reels van hierdie klub.

2) WYSIGINGS van hierdie grondwet mag alleen geskied op ‘n vergadering van die uitvoerende bestuur wat vir die doel belê is, mits die besluit in verband met sodanige wysiging/s of herroeping, deur twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig goedgekeur word. In verband met enige voorstel rakende die wysiging/s van hierdie grondwet moet daar, soos bepaal in Art.8, behoorlik kennis gegee word.

14. **REELS INSAKE WEDSTRYDE:**

1) DEELNAME.

Die deelname van stoeiers aan enige byeenkoms sal bepaal word deur die afrigter/s soos neergelê in Art.11 sub.(5). Die deelname van enige ander lid sal deur die bestuur bepaal word.

2) PROGRAM.

a) Die program vir enige van die klub se byeenkomste bestaan uit die byeenkomste soos van tyd tot tyd bepaal deur die bestuur van die klub.

b) Deelnemers moet voldoen aan die voorgeskrewe vereistes soos bepaal deur die S.A.S.F. en W.P.S.V.

15. **STOEIDRAG:**

1) Stoeiers van hierdie klub moet, wanneer hulle hierdie klub by enige toernooi of byeenkoms verteenwoordig, slegs in die stoei drag soos voorgeskryf deur die S.A.S.F., geklee wees.

2) Die stoei-wapen is die wat deur die bestuur van die klub goedgekeur word.

16. **BESLISSINGS:**

By alle toernooie en/of byeenkomste is die reels en regulasies van die S.A.S.F. en die W.P.S.V. van toepassing

17. **REëLS INSAKE BYEENKOMSTE:**

1) Daar sal deelgeneem word in die onderskeie Junior en/of senior massa en ouderdom afdelings soos wat van tyd tot tyd deur S.A.S.F. en die W.P.S.V. bepaal mag word.

18. **HONORARIUM:**

Honorariums sal slegs eenkeer per jaar, en alleenlik tydens die algemene jaarvergadering van die klub, beslis word.

19. **ERE-TOEKENIINGS:**

1) Op die jaarvergadering van elke jaar kan lewenslange ere-lidmaatskap toegeken, en meriete toekennings gemaak word, aan ‘n persoon wat kwalifiseer soos omskryf in Art. 20 en 21.
2) Nominasies vir lewenslange ere-lidmaatskap en/of meriete toekennings moet skriftelik voorgelê word vir oorweging.
3) Lewenslange ere-lidmaatskap kan met die goedkeuring van die bestuur toegeken word aan persone wat daarvoor kwalifiseer.

20. **REëLS VIR TOEKENNING VAN LEWENSLANGE ERE-LIDMAATSKAP:**

1) WIE KWALIFISEER.

Lewenslange ere-lidmaatskap kan na goeddunke van die bestuur aan ‘n persoon/persone toegeken word wat volgens die oordeel van voormelde bestuur vir sodanige toekenning kwalifiseer.

2) TOEKENNINGS.

Lewenslange ere-lidmaatskap sal slegs tydens die klub se algemene jaarvergadering van elke jaar toegeken word.

3) SITTING EN REG.

Alle lewenslange ere-lede het sitting op alle vergaderings, sonder stemreg, tensy hulle naas lewenslange ere-lidmaatskap ook aktiewe lede is.

21. **REëLS VIR MERIETE TOEKENNINGS:**

1) Kan slegs toegeken word vir voortreflike diens aan amateurstoei, in die klub.
2) Merietetoekennings sal slegs tydens die algemene jaarvergadering van die klub beslis word.
3) Die volgende persone kan kwalifiseer vir toekennings:-

a) Administratiewe ampsdraers van die klub wat ten minstens vyf(5) jaar agtereenvolgens of tien(10) jaar onderbroke as ‘n bestuurslid bevredigende diens gelewer het.

b) Enige stoeier wat vyf(5) keer ‘n W.P. Kampioenskap title verower het, of een(1)S.A. Kampioenskap title of twee(2) S.A. Kampioenskap silwer medaljes verower het, of een(1) keer Springbok-kleure verwerf het met dien verstande dat sodanige stoeier vermelde titels moet verwerf terwyl ‘n lid van hierdie klub is.

c) Beamptes wat minstens Vyf(5) jaar lid van die klub is en oor ‘n Prov A beampte gradering beskik.

d) Afrigters wat minstens Vyf(5) jaar lid van die klub is en oor ‘n Prov Vlak 3 Afrigters gradering beskik. So ‘n toekenning mag slegs eenkeer aan ‘n persoon toegeken word en is terugwerkend vanaf datum van stigting van hierdie klub.

22. **ONTBINDING:**

Sou die klub ter enige tyd ontbind en ophou funksioneer sal alle eiendom en bates van die klub oorgedra word aan die PAROW MUNISIPALITEIT Stad Kaapstad vir bewaring.

ooooooooooooOOOOOOoooooooooooo